

Karikatuurportret van Gustav Mahler.

DIE Kaapse Orkes is gestig in 1914 deur die Stadsraad en het begin met dertig lede. Mnr. Theo. Wendt was die eerste dirigent; hy het die orkes gelei vir tien jaar (1914—1924). Mnr. Leslie Heward het hom opgevolg en was dirigent gewees van 1924—1927. Toe het mnr. William J. Pickerill gekom as leier van die orkes. Vanaf die oprigting het hy as sub-dirigent aageer. Tydens sy bestaan het die orkes met baie moeilikhede te kampe gehad. In 1921 het die Stadsraad die liggaam aan die Kaapse Skiereiland se Publisiteitsvereniging oorhandig, en in 1927 het die Stadsraad nog eenmaal die orkes onder sy vleuels geneem. Op die oomblik maak die konserte 'n deel uit van Kaapstad se lewe, en word beskou as een van die Stadsraad se nuttigste instellings. Tans bestaan die orkes uit twee-enderdertig lede; vir simfonieë en spesiale konserte word die ledetal vermeerder tot vyf-en-veertig. By geleentheid van 'n musiekfees, soos in hierdie week, kom daar nog ekstra spelers wat die getal tot vyftig bring.

Die werk wat die here Wendt en Heward en lede van die verskillende komitees gedoen het om die orkes in stand te hou, sal nooit vergeet word nie. Die Stadsubsidie wat die orkes geniet, is baie groot, maar dit het Kaapstad 'n musikale middelpunt van groot belang en invloed gemaak. Daar is vooraanstaande series konserte wat sinds 1914 altoos gehou is: die Donderdag-simfoniekonserte, die Saterdag se „Pops” en die Sondagaand-konserte.

Die Stadsraad het dit nou vir die Suid-Afrikaanse Musiekstudente maklik gemaak om die kuns van orkesspel te leer deur die studente wat in Suid-Afrika opgelei is, 'n kans te gee om vakatures te kan vul.

Die kinder-konserte wat gedurende die wintermaande elke Maandag gehou word, het baie goed gedoen. Daar is nou baie jong kinders wat die naam kan noem van enige instrument in die orkes as hulle dit hoor bespeel. Dit beteken dat die musikale toekomst van Kaapstad gewaarborg is. Nieteenstaande dié feit is daar nog baie mense in Kaapstad wat die orkes nog nooit gehoor het nie.


Die nuwe werke wat mnr. Pickerill gekies het om in die Musiekfees uit te voer, getuig van 'n veelsydige opvatting en van 'n poging om ons van die beste te gee. Al lankal wou ons graag werke van Gustav Mahler op die programma's hê, maar die groot magte in Kaapstad het dit altoos teëgehou. Mnr. Pickerill het dit nou deurgesit, en ons het nou die vierde simfonie van Mahler gehoor. Dis die kleinste simfonie van die nege wat Mahler geskrywe het, en dit verlang ook nie so 'n baie groot besetting van instrumente nie. Mahler het vir die werk 'n versie uit „Des Knaben Wunderhorn” as grondslag geneem: „Wir geniessen den himmelschen Freuden.”

Musiekfees van die Kaapse Orkes.

DEUR JOH. LUIJT.

GUSTAV MAHLER (1860—1911).

„Gustav Mahler, wat sy troos in die Natuur soek het en so lank geworstel en gestry het tot hy in sy godsdiens gevind het wat met sy mistiese en gelowige aard ooreengekom het, het hom met sy ideale 'n eensame in die poëtiese wêreld gevoel,” so vertel ons sy biograwe. „As skerp denker, groot fantas en eenvoudige gelowige, staan hy in sy kuns as 'n man uit een stuk. Soos hy was, het hy hom gegee in sy musiek, waarby sy fantasie onuitputlik gelyk het.”




Gustav Mahler.

Mahler is van Boheemse afkoms, en was gebore in 1860 in Kalischt, by Igau. Toe hy vyftien jaar oud was, het hy na die konserwatorium in Weenen gegaan, waar hy gou 'n eerste prys gewen het vir klavierspel en komposisie. Sy leraar het vlug sy buitengewone aanleg erken en het gesê: „Das ist der geborene Musiker. Hier irre ich mich nicht.” Mahler het hom nie slegs vlug musikaal ontwikkel nie, maar ook wetenskaplik; hy het die grootste geeste van die tyd onder sy vriende getel. Tydens sy lewe was hy meer bekend as pianis en dirigent dan as kom-



Mnr. W. J. Pickerill, Dirigent van die Kaapse Orkes.



Karikatuurportret van Gustav Mahler.

ponis. Hy was egter altoos te streng vir sy orkeslede en het sy opinie nooit onder stoele of banke gesteek nie, maar het daar reg voor uitgekome. Talloos was die verhale wat in omloop gewees het omtrent sy eienaardige en vermaaklike wyse om sy wil deur te sit teenoor ander persone en van sy minagting vir uiterlike vertoon. Sy slap velthoed het hy nooit vir 'n deftige wou ruil nie, en ook sy huwelik het die aandag getrek deur die eenvoud en totale gebrek aan dekorum. Hy het 'n lang reënjas aangetrek en, voorsien van 'n groot sambreel vir twee persone, het hy met sy aanstaande vrou tjie na die stadshuis gestap.

Mahler was 'n skitterende operadirigent. As sodanig was hy werksaam in Praag, Leipzig, Pessh, Hamburg en Weenen; oor sy opvoerings word vandag nog geesdriftig gespreek en geskryf en word hy as voorbeeld gestel vir jong dirigente. Hy het egter baie teëstanders gehad; hy was altoos te eenselwig en het nooit wou ingee vir mense wat alles lievers by die ou sleur sou gehou het nie. So het hy nooit vrede kon bewaar nie. Hy het die publiek gedwing om op tyd in hulle plaas te sit, anders moes hul wag in die gang tot die stuk klaargespeel was, en hy het ook verbied om in die hande te klap tydens die naspele van die orkes. Sy te streng en te energieke leiding het vir hom baie goeie betrekkings bederwe. In Weenen het hy 'n kontrakte vir tien jaar aangegaan. Hoewel die betrokke mense al die verbeterings wat hy aangebring het, erken het, het die komitee hom na twee jaar vir 'n hoë som geld vrygekoop.

Mahler het nege simfonieë geskryf; die tiende het hy nie meer kon voltooi nie. Sy weduwee het die tiende, hoewel nie vir publikasie bestem nie, tog laat publiseer in 1924. Mevr. Mahler het by hierdie uitgawe 'n kort voorwoord geskryf: „Das Grundgefühl der zehnten Symfonie ist Todesgewissheit, Todesleid, Todeshohn.”

Willem Mengelberg het met sy orkes in Amsterdam baie propaganda vir die komponis gemaak. Herhaaldelik het hy al die simfonieë laat uitvoer; ook in Amerika het Mengelberg vir die bekendheid van Mahler gewerk. Die laaste jare van Mahler se werksame lewe het hy baie treurig deurgebring. Die geweldige inspanning van gees en liggaam het selfs vir die sterk man te veel geblyk. In Mei 1911 het hy die stryd vir die lewe moet opgee.

GUSTAV (VON) HOLST.

„The Planets” van die Engelse komponis Gustav Holst wat op die Musiekfees uitgevoer is, is ook 'n nuwe werk vir Kaapstad. Gustavus Theodore von Holst was gebore in 1874 in Cheltenham. Voor die Oorlog het die vriende hom verseker dat die lang naam 'n groot voordeel sou

(Vervolg op bladsy 45.)

Musiekfees van die Kaapse Orkes.

(*Vervolg van bladsy 39.*)

wees vir 'n Engelse loopbaan. Toe die Oorlog uitbreek, was dit juis die teende l, maar hy wou tog die naam nie verander nie totdat in 1918 hy sy dienste by die Kristelike Jongeliedevereniging aangebied het en hy die raad gekry het om „von” van sy naam te skrap, aangesien dié voorsetseltjie hom in sy nuwe betrekking nie sou help nie. Hy het toe wetlike stappe geneem om van die „von” ontslae te raak. Dit was die wens van sy vader dat hy 'n pianis sou word, maar hy het te baie neiging gehad vir komponeer. Ook het hy vingerkramp gekry, wat hom

belet om die klavierspel verder te bestudeer. Holst was in die leer gewees vir komposisie by Charles Stanford op die Koninklike Kollege vir Musiek, Londen. Hy het daar goeie vordering gemaak, en sy vriendskap met Vaughan Wil-

liams, ook 'n Engelse komponis van naam, het hom, soos Holst self beweer, baie gehelp. Hy het Sankrit gaan leer om die Oosterse gedigte self te kan vertaal en dan te toonset. In Kaapstad ken ons net maar „Beni Mora,” en nou het ons ook „The Planets” leer ken. Dit is 'n werk in sewe dele; die komponis voer ons van die een planeet na die ander; die reis gaan van Mars na Neptunus en na ander buitewêreldlike dele. Die werk is 'n baie goeie voorbeeld van die teenswoordige Engelse musiek: gawe instrumentasie en besonder fraai bewerk.